



## Lede Kommunikasie

17 February 2020

Beste WCERA lid

Ons provinsie het in onlangse maande n paar politieke struikelblokke moes oorkom, n paar le nog steeds in die pad, maar wat die raad graag wil doen is om van nou af lede meer aktief te betrek by die bestuur van ons geliefde sport en sommer vining van die struikelblokke onstlae te raak vir goed!

Ons wil ook graag meer gereeld korrespondensie uitstuur aan lede, sodat lede op hoogte bly van wat aangaan in ons sport, en potensiele misverstande vinnig uit die weg geruim kan word!!

Hiermee n “update” van onlangse verwikkelinge :

1. **President van WCERA** – Antoinette van der Walt het bedank as president, en aangesien Michelle Behrens waargeneem het as vise president, neem sy nou outomaties waar as president. Ons moet volgende dus n ander vise president ko-opteer, en ook dan binne die volgende twee na drie maande n verkiesing reel, om n nuwe president, vise president en sekretaresse te verkies. Antoinette het jare lank bygedra tot WCERA en die uithourit sport, en uiteraard se ons baie dankie vir haar daarvoor!! Sy is steeds bereid om uit te help, en is nog steeds n ritmeester by baie van ons ritte! Geliewe julle voorstelle vir vise president deur te gee aan julle klub voorsitters, of as jy voel jy wil n bydra maak, meld gerus aan! Ons nodig al die bereidwilliges wat ons kan kry, so sluit aan by n lekker dinamiese span van mense wat tans met groot passie die sport se belange bedryf in die provinsie, tot voordeel van ons provinsie se lede!

2. **Sekretaresse van WCERA** – Bianca Venter het waargeneem na die bedanking van Antoinette de Swardt wat onlangs n pragtige baba seuntjie ryker geword het en haar hande vol het met die klein knapie en die se kleuter boetie!! Bianca is baie bedrywig met Garden Route klub se ritte en het besef sy kan derhalwe nie alles bybring. Antoinette de Swardt help intussen weer uit, tot ons iemand anders kan ko-opteer en verkies. Meld asseblief aan as jy lekker admin skills het, of nomineer iemand wat jy dink kan help!! Dis n kritiese posisie op die raad, die persoon wat alles bymekaar hou en sorg dat als klopdisselboom loop, so n lekker uitdaging vir die regte persoon!!
3. **Span kwalifiserings kriteria** – Riaan Kuhn en William van Zyl is ons twee span bestuurders hierdie jaar en het hard gewerk om die provinsiale span kriteria vir SAIC 2020 en Fauries 2020 te finaliseer, baie dankie julle!! Dit word vandag gesirkuleer aan almal, sodat mense kan begin werk daarna toe om ons provinsie te gaan verteenwoordig by ons twee nasionale kompetisies! As jy enige vrae het, of hulp nodig het ten einde te kwalifiseer, kontak gerus vir Riaan of William, hulle het baie jare se ondervinding en het ten doel om soveel mense moontlik te help kwalifiseer, sodat ons soveel moontlik spanne kan stuur, en so sterk moontlike spanne!!
4. **Lede polls** – Ons is tans besig om op die WCERA website n poll sisteem in plek te sit waar lede van tyd tot tyd gevra gaan word om n stem uit te bring, en ook hul opinies te lewer. Dit sal die raad in staat stel om meer effektief besluite te kan neem, en feite op hande te he voordat besluite geneem word. Klub voorsitters moet tans probeer om mandate te bekom met emails en whatsapps, wat dit moeilik maak om alles bymekaar te trek partymaal. Die poll sisteem werk reeds op raads vlak waar mense hul stemme kan uitbring met n lekker “paper trail” – hopelik werk dit net so goed om insette van lede te bekom op n ordelike en effektiewe manier. Lede se opinies is uiteraard baie belangrik, die sport word vir die lede bedryf. Hoe meer insette, hoe beter die uiteindelijke besluit!
5. **Streeks kompetisie** – Vir die eerste keer in die geskiedenis van uithouritte, en as die eerste provinsie wat erkennings geleenthede op hierdie vlak aanbied, stel WCERA graag bekend dat n streekskompetisie gehou gaan word tydens die Mei 2020 Goudini rit. Dit bied aan lede die geleentheid om nog n vlak van kleure te kan verwerf! Die belangrike ding is dat klubs solank hulle streeksrade kontak en uitvind wat die proses in jou individuele streek is om streeks kleure goed gekeur te kry. William en Riaan finaliseer tans die punte stelsel wat sal geld op die kompetisie, dit belooft baie opwindend te wees, so begin solank julle perde regkry en julle spanne opgelyn!!! Ons het ses streke, so dit gaan n heerlike kompetisie wees, met sterk meedinging!! Die puntestelsel en span samestelling sal later die week bekend gemaak word, so “watch this space” maar merk solank die Goudini rit datum en maak seker julle verstaan die

behoefte van jou spesifieke streeks sports raad, ten einde seker te maak dat julle kleure in tyd en korrek toegeken word deur die SASCOOC streeks arm!!

6. **Ongelukkigheide** – Lincoln het gese “you can please some of the people all of the time, and all of the people some of the time, but not all of the people all of the time”!! Dit geld vir alles in die lewe!! En alhoewel ons nie almal altyd alles kan kry wat ons wil he nie, is dit nou hierdie raad se doelstelling om sover moontlik almal te probeer akkomodeer, met overriding principle of “do no harm”. Tot hierdie doelwit, het ons wel die lede se insette nodig. Bo en behalwe die lede polls wat in plek gaan kom, wil die WCERA raad asseblief almal uitnoui om enige raadslid te kontak, of jou klub voorsitter, as daar enige iets is wat pla. Die raadslede is daar om te dien, nie te domineer. As ons nie in daardie doel slaag, laat weet asseblief dadelik. Daar is verskeie kanale om dit effektief te doen, sonder om aan te val, te beledig, sleg te maak, en die sport in n slegte lig te bring by die wereld daar buite. Hou ons gerus op ons tone, maar besef ook dat die raadslede gewone perde mense is soos die res, wat foute maak, en nie altyd korrek optree, meestal onwetend. Ons bedank die mense wat volgens die korrekte kanale hierdie foute uitwys sodat dinge reg gestel kan word!! Saam kan ons wen, en die beste provinsie word, nie net omdat ons die beste perde en ruiters het (daardie is onbetwisbaar uiteraard), maar ook omdat ons die beste gees het, en mekaar met respek behandel soos dit hoort!

Die 2020 seisoen le voor ons, met uitdagings maar ook n klomp opwindende geleenthede!!! Daar is klubs wat elk n hele paar ritte aanbied, en dit moontlik maak op die manier vir ruiters om hul liefde gereeld te kan uitleef, dankie daarvoor vir al die hard werkende kommittee lede en organiseerders!

Ons sien uit om die sport en die ruiters te dien in hierdie provinsie in die jaar wat kom, en om almal heerlik saam hierdie wonderlike sport van ons te geniet!!

Groete

WCERA Raad